# Voorwoord

Die gedagte aan 'n konkordansie by die belydenisskrifte is in 1995 uit drieërlei behoefte gebore:

* Die behoefte van lidmate in die algemeen en *belydeniskatkisante* en *kerkraadslede* in die besonder, om by wyse van 'n vinnige naslaanwerk die Gereformeerde belydenis toeganklik te hê.
* Die behoefte om in die *kategismusprediking* 'n breër verwysingsraamwerk as net die Heidelbergse Kategismus te kan gebruik.
* Die behoefte om as Gereformeerde teoloog in die wetenskap *die belydenis as teologiese paradigma* makliker in ag te neem en ter sprake te kan bring.

Nadat die basiswerk vroeg in 1996 afgehandel is, het die omvang van die konkordansie, die gebrek aan 'n uitgewer en die noodsaak van uitgebreide taalkundige hersiening van 'n eerste poging, 'n (verwagte) vroeër publikasiedatum verhoed.

Die welkome aanbod van die redaksie van *In die Skriflig* om die konkordansie as supplementum van hierdie tydskrif uit te gee, het nuwe stimulus aan die afronding verleen. Die omvang van die konkordansie is bykans gehalveer deur lidwoorde, voegwoorde en persoonlike voornaamwoorde weg te laat. Die gebruik van kolomme en die inkorting van die verwysings tot een reël het verder bygedra om die publikasie tot sy huidige formaat te laat krimp.

Die aanmoediging en ondersteuning van verskeie persone het meegehelp dat hierdie publikasie 'n werklikheid kon word. Die lede van my gesin het elkeen op sy/haar manier 'n bydrae gelewer. Kollegas en gemeentelede het met hulle belangstelling bemoedig. Prof. Fika J. van Rensburg en mnr. Johan Mulder het waardevolle insette gelewer ten opsigte van die versorging en afronding. Aan die redaksie van *In die Skriflig* 'n besondere woord van dank vir die publikasiegeleentheid.

Die saamstel van die konkordansie het meegebring dat elke woord van ons belydenis in sy konteks nagegaan moes word. In hierdie moeisame proses het ek

onder die indruk gekom van die geweldige rykdom, diepte en relevansie van ons belydenisskrifte. In die belydenisskrifte het God 'n kosbare skat aan sy kerk gegee. Mag hierdie publikasie 'n bydrae lewer in die voortgesette ontginning van hierdie skat.

Wim Vergeer
Randfontein, 1996

Die meestermanuskrip van hierdie supplement is in sy geheel geset, geformateer, tegnies versorg en geproeflees deur die outeur self – Redaksie, *In die Skriflig*.